

# GEMEENSKAP INLIGTING

Orion Minerals

## Myn reg toegeken vir die Flat Mines gebied by die Okiep Copper Project

**Die mynreg oor die Flat Mines projek gebied is nou deur die Departement van Minerale Bronne en Energie aan Southern African Tantalum Mining (SAFTA) toegestaan. Die Mynreg is geldig vir 'n aanvanklike 15 jaar, en daarna kan dit vir 'n verdere tydperk van tot 30 jaar hernu word.**

Ter herinnering, Orion Minerals Limited (Orion) is in die proses om al SAFTA se mineraalregte te kry sedert die partye 'n ooreenkoms in Februarie 2021 aangegaan het. Die toekenning van die mynreg volg op die onlangse endossement deur die Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit van die 'Social and Labour Plan' vir die projek, wat die laaste formaliteit was wat nodig was voordat die aansoek toegestaan kon word. Orion is baie dankbaar vir die ondersteuning wat die gasheer gemeenskap nog steeds in die projek toon.

Die Mynreg-toekenning is 'n groot stap in die rigting van die begin van koper produksie vanaf Orion se Okiep Copper Project (OCP) gebied in die Noord-Kaap. Orion kan nou die uitvoerbaarheidstudies voltooi wat nodig is om die geld in te samel en die besluit te neem om te begin myn. Die studiewerk wat vroeg in 2023 voltooi sal wees, soos boor- en grootmaat monster versameling, sal help om 'n beter voorspelling te maak in terme van die grotes van die myn afsettings, asook wat die erts verwerkingsmetodes wat gebruik moet word sal verbeter.

Orion sal voortgaan om met die gasheer gemeenskap saam te werk om maniere te vind om die inwoners voor te berei vir potensiële werk- en sakegeleenthede wat verband hou met mynbedrywighede. Werwing en tenders vir dienste sal eers oorweeg word sodra die evaluasies afgehandel is, in die loop van volgende jaar.

Die OCP bied 'n goeie groei geleentheid vir Orion en groot ekonomiese ontwikkeling vir die hele Namakwa-distrik. Saam met Orion se ander beplande naby-produksie projek, die Prieska Copper-Zinc Mine, kan die twee mynbedrywighede daartoe bydra dat die Noord-Kaap 'n belangrike nasionale basis metaal produksie middelpunt word.